BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH

# PLAASLIKE MARKTE

## - JSE SLUIT JAAR AF MET 'N VERDERE DALING

**Die JSE het in Desember vir die derde agtereenvolgende maand laer gesluit. Die Indeks van Alle Aandele was maand op maand 0.5% laer maar is 9.4% hoër vir die jaar (-2.8% in die vierde kwartaal). Mynbou-aandele het vir die tweede maand die swakste gevaar (veral steenkoolmynmaatskappye) aangesien kommoditeitspryse verder gedaal het. Gevolglik het die Resi-10 maand op maand 5.9% laer gesluit (-9.8% in 2024 en -10.3% in die vierde kwartaal). Nywerheidsaandele het goed gevaar en die Indi-25 het maand op maand met 2.2% gestyg (+14.1% in 2024 en -0.9% in die vierde kwartaal), terwyl die SA Genoteerde Eiendomsindeks maand op maand 0.1% laer gesluit het (+21.4% in 2024 en -3.4% in die vierde kwartaal). Die Fini-16 was maand op maand 1.6% laer (+15.3% vir 2024 en -2.9% in die vierdie kwartaal). Die rand het verswak en vir die maand 4.2% laer teenoor die dollar gesluit (-2.6% in 2024 en -9.1% in die vierde kwartaal).**

Die nywerheidsgroep Barloworld was die beste vertoner in Desember en die aandeelprys van dié maatskappy het maand op maand met 'n stewige 26.9% gestyg. Die groot styging was ná 'n aakondiging deur Barloworld Uitvoerende Hoof Dominic Sewela en die Zahid Group van Saoedi-Arabië dat die Zahid groep 'n aanbod gemaak het om alle aandele teen 'n prys 87% hoër as die heersende prys op daardie dag te bekom. Datatec (+14.6% maand op maand was in die tweede plek, gevolg deur Tiger Brands (+14.4% maand op maand). Die aandele wat die swakste gevaar het was grootliks die van mynmaatskappye weens voortgesette dalings in die pryse van kommoditeite danksy swak vraag uit China. Sibanye Stillwater (-16.2% maand op maand het die slegste gevaar met Impala Platinum (-14% maand op maand) en Northam Platinum (-13.4% maand op maand) in die derde plek.

## INFLASIE EFFENS HOËR

SA se jaarlikse verbruikersinflasie het in November tot 2.9% toegeneem (2.8% in Oktober), volgens die jongste data van Statistiek SA, hoewel die verbruikersprysindeks (VPI) maand op maand onveranderd gebly het, wat algehele prysstabiliteit weerspieël. Voedselpryse, 'n sleutelkomponent van huishoudelike besteding, het verder afgeneem. Stats SA het gesê inflasie vir voedsel en nie-alkoholiese drank (NAB) het skerp gedaal tot 2.3% in November, van 3.6% in Oktober, en is die laagste koers in 14 jaar. Agt uit 11 voedsel- en NAB-kategorieë het afnames aangeteken, insluitend groente, melk, eiers, kaas, brood en graan. Wandile Sihlobo, hoofekonoom by die Landbousakekamer van SA, het gesê sleutelfaktore soos die verligting van ontwrigtings in groente- en vleisvoorsiening, 'n herstel van die voëlgriep-uitbraak en Indië se hervatting van rysuitvoer het bygedra tot die matiging in voedselprysinflasie.

## HANDELSOORSKOT

SA het 'n voorlopige handelsbalansoorskot van R34,7 miljard in November 2024 aangeteken. Vir die 11 maande tot einde November is 'n voorlopige handelsoorskot van R181,3 miljard aangeteken, 'n verbetering van die R111 miljard-surplus vir die vergelykbare tydperk in 2023.

Die NWU Sakeskool se Beleidsonsekerheidsindeks vir die vierde kwartaal van 2024 het onverwags baie verder negatief gedraai tot 65.7, vergeleke met 53.5 in die derde kwartaal (basislyn 50). Oor die algemeen het negatiewe faktore dus meer as positiewe faktore oor die laaste drie maande van die jaar geweeg. Alhoewel verder in negatiewe gebied, het die indeks nietemin die relevante data geïdentifiseer wat SA se stadige maar ongelyke ekonomiese herstel bevestig.

Sake- en verbruikersvertroue het die afgelope maande verbeter dansky faktore soos baie laer inflasie, die verligting van rentekoerse, onttrekkings van pensioenfondse kragtens die 'tweepot'-stelsel, die staking van Eskom-beurtkrag en die vorming van die Regering van Nasionale Eenheid. Die SA Reserwebank sê huishoudelike besteding (d.w.s. verbruik) lewer‘n beduiende bydrae tot SA se verbeterde groeivooruitsigte.

# INTERNASIONALE MARKTE

## - GEMENGDE WELSLAE VIR WÊRELDMARKTE

**Internasionale markte markte (MSCI World -2.6% maand op maand/+19.2% vir 2024) het in Desember gemengde vertonings aangeteken, met die meeste wat 'n uitstekende jaar op 'n teleurstellende noot afgesluit het namate jaareind-winsneming na vore gekom het. Daar was hoop dat die sogenaamde Kersfees verskynsel (waar markte oor die laaste vyf handelsdae van Desember tot 2 Januarie styg) die jaar gaan afsluit maar dit het ook nie gerealiseer nie.**

Op sy finale vergadering vir 2024 het die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed) koerse verlaag, maar Fed-voorsitter Jerome Powell het slegs twee verdere verlagings van 25 basispunte elk in 2025 geprojekteer, en bygevoeg dat inflasie vanjaar taai kan bly. Hierdie opmerkings was nie wat markdeelnemers wou hoor nie, en dit het ook tot die dalings op Amerikaanse aandelemarkte bygedra.

## VSA MARKTE LAER IN DESEMBER, HOËR VIR DIE JAAR

Amerikaanse markte het teen die einde van die jaar stoom verloor maar vir die volle jaar betekenisvolle stygings aangeteken, en het 'n reeks alle tye hoogtepunte bereik aangesien stewige verbruikersbesteding en 'n sterk arbeidsmark die Amerikaanse ekonomie ondersteun het. Die Dow Jones het maand op maand met 5.3% gedaal (+0.5% in die vierde kwartaal/+12.9% in 2024), terwyl die S&P 500 maand op maand 2.5% laer gesluit het (+2.1% in die vierde kwartaal/+23.3% in 2024). Dit was die Dow se slegste Desember sedert 2018 en die grootste maand op maand persentasiedaling sedert September 2022. Die tegnologie-swaar Nasdaq het egter daarin geslaag om die maand positief af te sluit en was maand op maand 0.5% hoër (+6.2% in die vierde kwartaal/+28.6% in 2024).

In Amerikaanse ekonomiese data het November se wesensinflasie, soos gemeet deur die Verbruikersprysindeks (VPI), tot 2.7% op jaarbasis gestyg, terwyl kern-VPI, uitgesluit die wisselvallige voedsel- en energiekomponente, op 3.3% op jaarbasis was. Beide wesens- en kerninflasie het met maand op maand 0.3% gestyg.

## EUROPESE MARKTE SLUIT HOËR, VK DAAL

Europese aandelemarkte het ook besige verkoopsessies laat in die jaar beleef, danksy kommer oor hoë waardasies en beleid, veral rakende tariewe onder die inkomende Amerikaanse president Donald Trump. Duitsland se DAX het maand op maand 1.4% gestyg (+3.0% in die vierdie kwartaal/+18.8% in 2024), terwyl Frankryk se CAC Desember 2.0% hoër afgesluit het (-3.3% in die vierde kwartaal/-2.2% in 2024). Eurosone se wesensinflasie was in November 2.2% teenoor 2.0% in Oktober. Die Europese Sentrale Bank het koerse in Desember 'n vierde keer verlaag (met 25 basispunte), wat sy maatstafkoers tot 3.0% neem.

Die Britse aandelemark het November se stygings omgekeer, met die FTSE-100 wat Desember 1.4% laer geëindig het (-0.8% in die vierde kwartaal/+5.7% in 2024). Britse inflasie het in November tot 2.6% gestyg (die hoogste vlak in agt maande) teenoor 2.3% in Oktober. Kerninflasie vir November staan op 3.5% jaar op jaar teenoor 3.3% jaar op jaar in Oktober.

## 'N BETER MAAND VIR CHINA

China se aandelemarkte het Desember in die groen gesluit aangesien verskeie stimulusmaatreëls wat sedert September ingestel is om sy ekonomie te versterk (insluitend rentekoersverlagings, aansporings vir huiskoop en befondsingskemas om aandele te koop) deurlopende ekonomiese kommer oorskadu het. Hong Kong se Hang Seng het maand op maand met 3.3% gestyg (-5.1% in die vierde kwartaal/+17.7% in 2024), terwyl die Shanghai Saamgestelde Indeks in Desember maand op maand met 0.8% gestyg het (+0.5% in die vierde kwartaal/+12.7% in 2024). November-inflasie het gedaal tot 'n vyf maande laagtepunt van 0.2% op 'n jaarbasis teenoor 0.3% in Oktober.

Japan se maatstaf Nikkei het Desember hoër geëindig (+4.4%) en is +5.2% in die vierde kwartaal en +14.2% in 2024. Op sy laaste vergadering van 2024 het die Bank van Japan (BOJ) koerse onveranderd gehou aangesien beleidmakers versigtig gebly het oor die land se ekonomiese vooruitsigte . Inflasie het in November effens meer gestyg as wat verwag is, wat 'n volgehoue styging aandui wat die moontlike koersverhogings tot gevolg kan hê.

Brent-ruolie het maand op maand met 2.3% (-3,1% in 2024) gestyg as gevolg van dalende Amerikaanse voorraad en hernieude optimisme rondom China nadat president Xi Jinping belowe het om groei te bevorder. Goud het maand op maand met 0.7% gedaal (+27.2% in 2024), al word verwag dat geopolitieke spanning hoog sal bly in 2025, met sentrale banke wat voortgaan om goud te koop, terwyl die Amerikaanse skuldsituasie waarskynlik sal vererger onder die Trump-administrasie. Die platinaprys was maand op maand 4.5% laer (-8.5% jaar op jaar) verloor, palladium het maand op maand met 7.2% gedaal (-17.1% jaar op jaar) gedaal en rodium was maand op maand onveranderd. Ystererts het met maand op maand 1.2% gedaal (-25,3% jaar tot datum) aangesien die wêreld se grootste ysterertsverbruiker, China, worstel met 'n trae ekonomie. *Bronne: Anchor Capital; BusinessLive; NWU Sakeskool*

**KONTAK ENIGE VAN ONS HOOGSGEKWALIFISEERDE FINANSIËLE RAADGEWERS BY ONS NEGE KANTORE LANDSWYD OM JOU BELEGGINGSSTRATEGIE TE BESPREEK.**


**BRENTHURST OFFICES :**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Johannesburg** | +27 (0) 11 799 8100 | **Claremont** | +27 (0) 21 100 3901 | **SATELLITE OFFICES:** |
| **Sandton** | +27 (0) 10 035 1391 | **Bellville** | +27 (0) 21 914 9646 | **KZN: Arin Ruttenberg** +27 84 582 8581 |
| **Pretoria** | +27 (0) 12 347 8240 | **Stellenbosch** | +27 (0) 21 882 8706 | **FREE STATE: Iniel Van Zyl** +27 72 298 3212 |
| **CPT Waterfront** | +27 (0) 21 418 1236 | **Val de Vie Estate** | +27 (0) 21 100 3901 | **MPUMALANGA: Marise Smit** +27 72 795 3604 |
| **George** | +27 (0) 44 050 6057 | **Mauritius** | 00 230 5843 5215 | **NORTH WEST: Maria Smit** +27 79 696 6860 |



Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (Reg Nr: 2004/012998/07) FSP Nr. 7833. Hierdie e-pos en enige lêeraanhegsels wat daarmee gestuur word, is uitsluitlik bedoel vir die geadresseerde(s) en mag wettig bevoorreg en/of vertroulik wees. As u hierdie e-pos per abuis ontvang het, vernietig dit asseblief. As u nie die geadresseerde is nie, mag u nie die inhoud bekend maak, kopieer, versprei of enige aksie neem gebaseer op die inhoud hiervan nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbode en kan onwettig wees. Die menings en standpunte wat in hierdie e-posboodskap uitgedruk word, is nie noodwendig dié van die bestuur van Brenthurst Wealth Management (Edms) Beperk nie.